
Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien
# LYNNIES BEELD
ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD
www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 9 – 14 Maart 2025

## OUERLEIDING




### Wat jou kind die nodigste het – in een woord – Liefde

Jy dink miskien dis totaal oorbodig en onnodig om vir ouers te sê hulle moet hulle kinders liefhê. Dit is mos vanselfsprekend – almal weet dit mos. Die waarheid is egter dat daar by baie jongmense wat by sielkundiges, beraders en terapeute eindig, se grootste probleem 'n gebrek aan liefde ervaar word. Ouers is gewoonlik baie verbaas om te hoor dat juis dít hulle kind se probleem is. Ouers moet besef dat liefde 'n werkwoord is – dis iets wat jy doen. Liefde is iets wat geleef en nie gevoel word nie. Kinders wil liefde sien en ervaar voordat hulle gaan ervaar iemand het hulle lief.

**Wat sluit daardie een woord in?**

Aanvaarding: Onvoorwaardelike aanvaarding van jou kind se unieke eienskappe, sterk- en swakpunte.

Versorging: Die verskaffing van fisiese, emosionele en sielkundige sorg om jou kind se welstand te verseker.

Ondersteuning: Bied aanmoediging, leiding en ondersteuning om jou kind te help groei en ontwikkel.

Kwaliteit tyd: Spandeer kwaliteit tyd saam met jou kind, neem saam deel aan aktiwiteite en skep herinneringe.

Dissipline: Stel grense, leer lewensvaardighede en lei jou kind om verantwoordelike keuses te maak.

Geduld: Beoefen geduld, begrip en empatie wanneer jy jou kind se uitdagings en foute hanteer.

Vertroue: Bou vertroue deur betroubaar, konsekwent en eerlik met jou kind te wees.

Kommunikasie: Handhaaf oop, eerlike en effektiewe kommunikasie met jou kind.

Onbaatsugtigheid: Stel jou kind se behoeftes voor jou eie, demonstreer onbaatsugtigheid en opoffering.

Deur hierdie aspekte in te sluit, skep liefde vir jou kind 'n koesterende omgewing wat gesonde ontwikkeling, selfbeeld en 'n sterk ouer-kind-verhouding bevorder.

*"En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!"*
*1 Kor 13:13*

## Wat gebeur volgende . . .




## K U L T U U R

### REDENAARS

**Die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

**<u>Kansvatters</u>**
**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/
**Individue:**
1. Sluitingsdatums vir inskrywings: 17 April 2025
**Spanne:**
2. Sluitingsdatums vir inskrywings: 16 Mei 2025

**<u>OppieTongAf</u>**
**Skakel:** **https://oppietongaf.co.za/**
**Individue:**
1. Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025
**Spanne:**
2. Sluitingsdatum vir inskrywings: 27 Junie 2025

**<u>Radikale Redenaars</u>**
**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**
**Individue en Spanne:**
1. Sluitingsdatum vir inskrywings: 9 Mei 2025

**<u>Redenaargedagte vir die week:</u>**
"*You can't always have a good day.*
*But you can always face a bad day with a good attitude*".

## PERSONEELVERJAARSDAE

**M A A R T**
14 Kaylin de Jongh (pre-prim ass)
15 Bernadette Roodt (o/w)
23 Andries Skosana (alg. ass)
25 Abigail Küsel (o/w ass)
26 Marina Steyn (o/w)
28 Charmara Steyn (o/w)

**A P R I L**
5 Nadia Mienie (o/w)
7 Liezl Pretorius (pre-prim)
12 Annelle Cooper (o/w)
16 Melissa Kotze (o/w)
17 Edwin de Waal (intersenfase ass)
20 Izer Sikhota (naskool)
24 Tanya Steyn (pre-prim)
25 Thamson Raapanyane (hekkonntrole ass)
+ Zané Wiltz (o/w ass)
26 Chantelle Mattheus (pre-prim ass)
27 Doré Jordaan (naskool)
29 Jean van Loggerenberg (o/w)
30 Amanda J van Rensburg (naskool)
+ Chanelda Stolk (pre-prim)



# DAGBESTUUR

## Wêreld Natuurlewedag



Wêreld Natuurlewedag word jaarliks op 3 Maart regoor die wêreld gevier, maar ons het dit op Vrydag, 7 Maart gevier. Die leerders kon aantrek soos enige plant of dier. Die dagbestuur en die rehabilitasie sentrum personeel van Moholoholo het die leerders bewus gemaak hoe om die natuur '*Fauna en Flora'* te bewaar en op te pas.

Sien aangeheg 'n paar waardevolle skakels vir meer inligting:

https://www.moholoholo.co.za/

https://www.wildlifeday.org/en

https://youtu.be/rEtFaaSA7Yk

https://youtu.be/mRidGna-V4E



# SPORT

## SWEM

Lehan Kuhl het die afgelope naweek by die Vlak 1 Streekskampioenskappe, wat by Steyn City gehou is, deelgeneem.
Hy het twee brons medaljes gewen vir 50m vryslag en 50m rugslag.
Hy behaal ook vierde plek in 50m vlinderslag, 100m en 50m borsslag en 100m vryslag.

Baie geluk met hierdie uitstekende prestasies!
Ons is trots op hierdie talentvolle swemmer!





## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIES

### HOKKIE

Die *Johannesburg Hockey League* (*JHL*) het onlangs plaasgevind en is 'n toernooi wat jong spelers van regoor Johannesburg bymekaar bring om in 'n opwindende en mededingende omgewing mee te ding. Met ses gesogte *franchises* wat om die titel stry, bied die toernooi aksiebelaaide wedstryde en topvlak vaardigheidsontwikkeling aan.

Die volgende o/13 hokkie dogters van Lynnies het vir die Eastside Mavericks franchise gespeel:
Abi Ströfeldt
Ayva Potgieter
Eulyla Marais
Jana de Kock
Liebe Nel
Leila Clark
Milla Roux



Vanjaar het hierdie *franchise* as kampioene uit die stryd getree in die o/13 dogters afdeling, nadat hulle 'n reeks tawwe wedstryde oorwin het. Hul oorwinning het die talent en toewyding van die spelers beklemtoon en 'n verdere merkwaardige hoofstuk in die *JHL* se ryk geskiedenis van jeughokkie-kompetisie geskryf.

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | Vrydag, 21 Maart (Publieke vakansiedag) Menseregtedag Skool sluit 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

## GHOLF- EN ROLBALDAG




**Gholfdag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472338202550
**Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header




**Rolbaldag Inskrywingsvorm:**
https://form.jotform.com/250472090371552
**Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:**
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9bIIlqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header

# DIE VOORTREKKERS

## Die Voortrekkers – Waar avontuur en leer ontmoet!

Het jy al gewonder waaroor Die Voortrekkers gaan? Op Saterdag, 8 Maart, het ons Vories 'n dag vol avontuur, leer en tonne pret beleef! Van noodhulp en tuinmaak tot kreatiewe kunswerke, wildritte en 'n besoek aan die brandweerstasie - elke oomblik was propvol opwinding.

**🌿 Graad R: Eerste Noodhulp**

Ons jongste maatjies het geleer hoe om hulle *EINA's* te versorg en wat om te doen as 'n maatjie seerkry. Hulle het met groot entoesiasme pleisters geplak en verbande gebruik om hul nuwe vaardighede te oefen.

**🌱 Graad 1: Hoe groen is jou vingers?**

Na 'n dag se tuinmaak is ons graad 1's nou trotse, kranige tuiniers! Hulle het geleer hoe om plante te versorg en het 'n nuwe waardering vir die natuur ontwikkel.

**🎨 Graad 3: Kuns en kreatiwiteit**

Hierdie kreatiewe groep het met verskeie kunsmediums gewerk en pragtige kunswerke geskep! Van mosaïekteëls en windklokke tot geverfde seilskoene en spykerkuns - hulle het met 'n skatkis vol meesterstukke huis toe gegaan.

**🐆 Graad 4: Kultuur, avontuur in die natuur**

Met sonsondergang op Vrydagaand en sonsopkoms Saterdagoggend het ons graad 4's die jagluiperde en ander wild in die Rietvlei-natuurreservaat dopgehou. Kampvure, liedjies en malvalekkers het gesorg vir 'n onvergeetlike boservaring!

**🔥 Graad 5: Brandweerhelde**

By die Silverton-brandweerstasie het Tshwane Nooddienste ons graad 5's alles geleer oor die gevare van vuur. Hoe om dit te blus en die belangrikste, hoe om kalm en met selfvertroue in 'n noodsituasie op te tree. Hulle het selfs die brandslange in aksie gesien - 'n ware papnat pret-ervaring!

**Sluit aan by die avontuur!**

By Die Voortrekkers is daar meer as 100 kursusse vir laerskoolmaats waar hulle op 'n prettige en praktiese manier lewensvaardighede kan aanleer.
Besoek gerus ons webtuiste en word deel van ons dinamiese beweging!

🌐 https://voortrekkers.co.za/










## LYNNIES BIDGROEP




**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**

## ADVERTENSIES







DIADORA
AQUATICS
EST.1997
ADULT LESSONS:
— COSTS —
Payable in advance
CATEGORY 1 &2: R1500 (7 LESSONS)
No admin fees applicable!
— CATEGORY 1—
ALL ADULTS
1. Learn-to-Swim
2. Stroke Correction
3. Prepare for your first Midmar Mile
— CATEGORY 2—
CABIN CREW STUDENTS, AUPAIRS, GARDENERS, DOMESTIC WORKERS, NANNIES
1. Basic Freestyle
2. Water treading (3 min)
3. 5m underwater swim
4. Object retrieval, 1.8m depth
5. Stradle jump
6. Basic Survival stroke and lifesaving techniques
OPTIONAL EXTRA:
NSRI, SANBS APPROVED
TORPEDO BUOY VALUED @ R600
kariendiadora@gmail.com
roeleneuysl@gmail.com
Karien, 083-305-7746 or Coach Roelene, 067-378-5228
RED TORPEDO BUOY
National Sea Rescue Institute of South Africa
NATIONAL SEA RESCUE INSTITUTE


kudla
GOOD DEAL STORE
KOM KUIER!
ONS IS OOP
251 LYNNWOOD WEG
kosblik lekkernye, neute, granola en nog meer
www.kudlastore.co.za


Kaartjies beskikbaar by
www.afriforumteater.co.za.
Datum: 16 April 2025
Tyd: 19:00
Venue: AfriForum Teater
Kaartjies: R200
MARGIT MEYER-RÖDENBECK
OUMA
IS OP PAD
MET COENRAAD RALL OP KLAVIER
TEKS: JURG HUMAN